

Goeie Vrydag

Jesus se kruisiging

Vorbereide leeswerk vir die aanbieder

Matteus 27: 15 - 26

Markus 15: 1 - 15

Lukas 23: 13 - 25

Johannes 18: 28 – 40 en Johannes 19: 1 - 16

Matteus 27: 32 - 56

Markus 15: 21 - 41

Lukas 23: 26 - 49

Johannes 19: 17 – 37

Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les

Blinkers

Skêre, gom en inkleurkryte

Rooi versiersuiker

Karton

Kwasse

“Houtkruis” lied van die groep “Prophet”

Lesinhoud

Nadat Jesus baie laat die nag gevange geneem is, is Hy na die Joodse hoëpriester, Kajafas, se huis geneem. Die Joodse leiers en die Joodse Raad was reeds daar. Volgens Joodse wette mag hierdie raad nie in die nag vergaderings gehou het nie. Hulle mag ook nie iemand ter dood veroordeel het nie. Net die Romeinse goewerneur, in hierdie geval die goewerneur van Judea en Galilea, wat Pilatus was, kon as werker van die keiser in Rome, iemand ter dood veroordeel het.

Jesus is vir die nag gevange gehou in Kajafas se huis en toe die son opkom, het die Joodse Raad vergader. Hier besluit hulle: Jesus verdien die doodstraf. Hulle boei toe vir Jesus en vat hom na Pilatus, die goewerneur, se paleis toe. Tot die goewerneur se verbasing wou Jesus nie 'n woord sê om Homself te verdedig nie. Na 'n rukkie begin Pilatus besef dat die Joodse leiers en priesterhoofde Jesus uit afguns of jaloesie wou laat doodmaak.

Dit was die goewerneur se gewoonte om tydens die Joodse Paasfees 'n gevangene, wat die mense gekies het, uit die tronk vry te laat. Daar was toe juis 'n bekende moordenaar en terroris, met die naam Jesus Barabbas, in die tronk.

Terwyl Jesus se hofsak aan die gang was, het Pilatus se vrou hom laat weet: "Ek het 'n vreeslike droom gehad, hierdie man is onskuldig. Laat hom vry." Pilatus het baie ongemaklik begin voel oor Jesus se verhoor. Toe kry hy 'n slim plan. "Wie wil julle hê moet ek vrylaat vir Paasfees: Jesus Barabbas (die moordenaar) of Jesus wat die Christus genoem word?" Pilatus was seker die skare sou Jesus kies, maar die Joodse leiers het intussen die mense omgepraat om eerder vir Barabbas te stem. Wat 'n ironie dat altwee mans die Joodse naam, Jesus, gehad het!

Nou het Pilatus begin besef dat hy dit nie sou regkry om Jesus los te laat nie. Toe kry hy 'n bak met water en was sy hande daar voor almal. Pilatus wou aan die skare wys dat hy niks meer met die saak te doen wou hê nie. "Wat verder gebeur is nie my skuld nie," sê hy. "Wat moet ek met Jesus Christus doen?"

Die skare het geskreeu: "Kruisig hom, kruisig hom!" Kruisiging was 'n Romeinse doodstraf. Die Jode het mense deur steniging (om dood gegooi te word met klippe) laat doodmaak. Dalk het die Joodse leiers gedink as hulle 'n Romeinse straf kies, sou hulle onskuldig wees aan Jesus se dood.

Pilatus het Barabbas toe vrygelaat en hy het verder beveel dat Jesus Christus met 'n kats geslaan moes word vir sy oortredinge. 'n Kats was soos 'n sweep wat bestaan het uit 'n klomp klein smal riempies. Vooraan elke riempie was daar ystertjies of harde beentjies. Dit was sodat elke hou nog seerder sou maak en somer stukke vleis uit die persoon wat geslaan word, sou ruk.

Die soldate wat Jesus geslaan het, het ook 'n tak met skerp dorings aan gevat en dit soos 'n kroon geveg. Daarna het hulle dit op Jesus se kop gedruk. Hulle het verder vir Hom 'n pers jas aangetrek sodat hy soos 'n kamstige koning moes lyk. Net baie belangrike mense is toegelaat om sulke pers jasse te dra. Nou het die soldate lekker met Jesus gespot. Hulle het nader na Jesus toe gekom en voor hom gebuig en hom gegroet soos mens 'n koning sou groet, en dan het hulle Hom somer skielik geklap.

Na die slanery en vernedering het Pilatus Jesus weer voor die Jode laat verskyn. Pilatus wou dalk hê as hulle sien hoe sleg Jesus na die marteling lyk, dat hulle Hom sou jammer kry en dalk nie nog steeds sou aandring op sy dood nie. "Kruisig hom!" het die Joodse leiers nogsteeds geskreeu. "Nee wat, laat hom kruisig, Hy sê mos Hy is die Seun van God. Dit is godslasterlik om so te praat," het die leiers aangehou. Hierdie laaste woorde van die Joodse leiers het Pilatus laat skrik! Pilatus het op sy kliptrap (in Hebreeus noem hulle dit Gabbata) gaan sit en sy finale uitspraak gelewer. "Hierdie man sê Hy is die koning van die Jode, wil julle Hom regtig dood hê vir so 'n uitspraak?" "Ons het net een koning, en dit is die Romeinse keiser," het die Joodse leiers geantwoord. Met hierdie woorde het hulle nie net vir Jesus verraai nie, maar somer vir God ook. Pilatus het die Jode hulle sin gegee.

Hy het Jesus aan hulle oorhandig om gekruisig te word.

Na die marteling was Jesus baie swak. 'n Persoon wat gekruisig word, moes self sy kruis se dwarsbalk dra tot op die teregstellingsplek. Toe die soldate sien Jesus is te swak om sy kruis te dra, het hulle somer 'n man wat toevallig daar verby gestap het gegryp en hom gedwing om Jesus te help. Hierdie man se naam was Simon en hy het van Sirene in Afrika gekom.

Omdat dit Paasfees was, was daar baie mense in Jerusalem. 'n Groot menigte het agter Jesus aangeloop en oor Hom getreur en gehuil. Vier vroue word spesifiek genoem. Hulle was Maria Magdalena, Maria (Jesus se ma), Maria (die vrou van Kloppas) en Salomé (sy was Sebedeus se vrou en die ma van die dissipels Jakobus en Johannes). Party mense sê sy was ook Maria se suster en dan by implikasie, Jesus se tannie.

Die kruisigingsplek was buite die stadsmure omdat dit 'n onreine plek vir die Jode was. Die plek waarheen Jesus oppad was, is Golgota genoem. Party mense dink dit was omdat die koppie soos 'n kopbeen gelyk het. (Golgota beteken: Plek van die Kopbeen).

Elke misdadiger wat gekruisig sou word, moes ook 'n bordjie dra waarop sy misdaad geskryf is. Dit moes ander mense wat daar verby loop, afskrik om dieselfde misdaad te pleeg.

Toe hulle by Golgota aankom, wou die soldate Jesus wyn, wat met galbitter kruie soos mirre gemeng was, gee om te drink. Jesus wou dit nie drink nie, want dit sou Hom effens bedwelm sodat Hy dan nie die pyn so erg sou voel nie. Jesus wou voluit die straf vir ons dra.

Toe begin die kruisiging.

'n Veroordeelde se arms is aan die dwarsbalk vasgespyker en dan is die persoon teen die regop paal opgetrek en die dwarsbalk is vasgemaak. Die veroordeelde se bordjie met sy misdaad is bo-aan sy kruis vasgespyker.

Op Jesus se bordjie was daar in Hebreeus, Latyn en Grieks geskryf: "Die Koning van die Jode." Die Joodse leiers was nie heeltemal tevrede met die bewoording nie, maar dit is wat Pilatus geskryf het.

Saam met Jesus het die soldate ook twee ander misdadigers gereed gemaak vir kruisiging. Een aan elke kant van Jesus. Die mense het allerhande lelike dinge vir Jesus begin skreeu en Hom gespot. "Klim van die kruis af! Red jouself! Bou die tempel in drie dae! Help jouself!" het hulle geskreeu. Die soldate het ook aan die spottery deelgeneem. "Trek jou spykers uit, koning van die Jode. Wys ons hoe sterk jy is," het van hulle geroep.

Een van die mans wat langs Jesus gehang het, het Hom ook gespot. "As jy die Messias is, kry ons hier af." Maar die ander boef het hom stil gemaak. "Ons twee verdien om hier te wees, maar hierdie man is onskuldig. Jy moet respek hê vir God." Toe kyk hy na Jesus en sê: "Here dink aan my." Jesus het goeie nuus vir hierdie sondaar gehad. Hy sou nog daardie selfde dag saam met Hom in die hemel wees.

Die Romeinse soldate wat die kruisigings gedoen het, was volgens wet geregtig op die gekruisigde se persoonlike besittings soos klere. Ook hier het hulle lootjies getrek om te sien wie Jesus se klere sou kry.

Toe skielik, het Jesus hard geskreeu: "Eloï, Eloï, lema sabagtani!" Dit beteken: My God, My God, waarom het U My alleen gelaat. Die spotters het gedink Jesus roep vir Elia. Hulle hou toe vir Hom 'n spons vol wyn wat aan 'n hissoptakkie vasgemaak is, voor Sy mond, om Sy lippe nat te maak. 'n

Hissoptakkie is volgens Joodse gewoonte by die paaslam gebruik. Hoe ironies dat Jesus hier ons Paaslam is wat geoffer word.

Met die, het Jesus se kop vooroor geval. "Ek het alles gedoen wat ek moes," het Hy gesê, en Sy laaste asem uitgeblaas. Op dieselfde tyd wat Jesus aan die kruis dood is, het daar drie wonderwerke gebeur.

- Die voorhangsel van die tempel het in twee geskeur. Die voorhangsel was 'n groot gordyn tussen die heilige en allerheiligste in die tempel. Net die hoëpriester mag een maal per jaar in die allerheiligste ingegaan het om met God te gaan praat. Nou was dit nie meer nodig vir 'n tussenganger soos die hoëpriester nie. Jesus is by God en ons kan sommer direk met Hom praat.
- Daar was 'n groot aardbewing en grafte het oopgegaan. Gelowiges wat reeds dood was, het uit die grafte gekom en is lewendig in Jerusalem gesien.
- Boonop was dit in die middel van die dag donker!
Die bevelvoerder van die Romeinse soldate het reg voor die kruis gaan staan. Hy het Jesus se laaste woorde gehoor en die wondertekens gesien. "Hierdie man was toe al die tyd die Seun van God," het hy gesê. Die eerste mens wat Jesus na Sy dood erken as die Messias, was 'n Romein en nie 'n Jood nie.

Dit het begin laat word en omdat dit Vrydag was, was die Jode besig om reg te maak vir die Sabbat, wat met sonder sou begin. Volgens Joodse wet moes Jesus begrawe word voor sonder.

Om die dood vinniger te verseker, het die soldate toe die twee mans weerskante van Jesus, se bene gebreek. Maar Jesus was reeds dood. Toe een van die soldate 'n spies in Sy sy indruk, het daar water gemeng met bloed uitgeloopt. Dit is 'n teken dat so 'n iemand dood is.

Jesus se liggaam is van die kruis afgehaal en gereed gemaak vir 'n begrafnis.

Vragies vir slim oortjies

- Wat was die goewerneur in hierdie storie se naam?
- Wat was die man wat in Jesus se plek losgelaat is, se naam?
- Wat het dit beteken toe Pilatus sy hande was?
Wat was die misdaad wat op Jesus se bordjie geskryf is en bo-aan sy kruis vasgespyker is?
- Wat was "die voorhangsel?"
- Noem een wonderwerk wat gebeur het toe Jesus dood is?
- Hoe het die soldate geweet Jesus is reeds dood?

Besprekingspunte

- Wat doen jou gesin om Paasfees te vier?
- Het julle enige tradisies? (paaseiers, lamsvleis, kerse ens.)
- Wat dink jy is die belangrikste gebeurtenis vir ons as Christene, Paasfees of Kersfees? (Ai, dit is 'n moeilike vraag!) Hoekom?

- Wat is die simboliek rondom 'n (paas)eier dink jy? (Nuwe lewe uit iets wat dood lyk Jesus wil vir elkeen van ons 'n nuwe lewe gee).
- Hoekom offer ons nie meer vandag diere in die kerk nie? (Jesus het vir ons gesterf as die finale offerlam. Nou is dit nie meer nodig nie, want ons sondes is vergewe).

Lewensles

Jesus was die offer vir ons sondes. Hy het ten volle vir ons sondes betaal.

Ons gebed vir vandag

Here Jesus, wat U vir ons gedoen het, is ongelooflik! Die pyn en vernedering moes verskriklik gewees het. Dankie dat U ons so lief gehad het!

Amen

Idees vir VET pret

Maak rooi versiersuiker aan. Ons gaan dit gebruik in die kreatiewe aktiwiteit. Elkeen kan darem 'n proetjie van die versiersuiker kry!

Kreatiewe aktiwiteit

Vou en sny elke kruis sodat dit regop kan staan. Gebruik die rooi versiersuiker wat aangemaak is en verf dit op die kartonkruis wat elkeen kry. Dit is simbolies van die bloed van Jesus wat vir ons gevloei het.

Vers vir die week

Johannes 19: 6

"Toe die priesterhoofde en die wagte Hom sien, skreeu hulle: Kruisig hom! Kruisig hom! Vat julle hom en kruisig hom, sê Pilatus daarop vir hulle, want ek vind geen skuld in hom nie."

Net vir die lekker

Vandag se "net vir die lekker" is 'n gewyde speletjie. Laat al die kinders plat lê op hulle ruggies met hulle oë toe. Speel vir hulle die liedjie "Houtkruis" van Prophet. Kom ons dink aan Jesus se kruisiging.